**Vrydag 13 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 1 | Fokusgedeelte: Openbaring 1:17 |
|---|---|

**Die Here Jesus is die Eerste en die Laaste en die Lewende (1)**

Wie is die Regter wat my bemoedig vir die tyd wat voorlê deur vir my te sê dat Hy die Eerste en die Laaste en die Lewende is?

Hy is die Seun van die mens. Hy is Jesus Christus wat na die aarde toe gekom het. Wat in die vlees onder ons gewandel het. Dit is Hy wat nakend aan die kruis moes sterf.

Dit was Christus in sy vernedering. Maar alles het nie by sy vernedering geëindig nie. Hy is nou verheerlik. Hy is nou die koninklike Vors wat in sy kerk wandel. Hy wat bekleed is met 'n kleed wat tot op die voete hang, en wie se bors omgord met 'n goue gordel. Hy het alles oorwin. In vredestyd dra 'n koning sy gorder om sy bors, maar in oorlogstyd dra hy dit om sy heupe, sodat hy sy kleed daarmee kan opbind om sy heupe dat dit hom nie pla in die geveg nie.

Vir die Here Jesus is die stryd verby. In sy kleed sien ons sy vorstelikheid en priesterlikheid en ook sy heerlikheid en regverdigheid. Sy hare, wit soos wol en glansend soos sneeu, is die kroon op sy heerlikheid. Sy oë is soos 'n vlam van vuur. Hy deursien alles – elke saak wat afspeel, maar ook elke mens in sy hart.

Die verskyning openbaar dat daar niks is wat ongemerk voor die Goddelike oog kan verbygaan nie. Daarom is God 'n God van beskerming vir ons wat Hom aanbid. Leef in die vrede dat ons Verlosser – en God – die Here Jesus Christus ons onbeperk beskerm met sy ewige goddelike mag.

*Sing: Psalm 9-1:5, 12*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*